AANHANGSEL F

RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN DIE NEEM VAN 'N VERKLARING VAN 'N KINDERSLAGOFFER

1. Inleiding

Die basiese beginsels rondom die verkryging van verklarings van kinders bly dieselfde as die beginsels wat geld vir volwasse slagoffers en getuies.

Die instruksies wat geld vir die neem van verklarings soos uiteengesit in Staande Orders 322, 327 en Staande Order (Algemeen) 18 van 1990 moet nagekom word.

Daar is egter 'n paar verskille aangaande die formaat en inhoud van verklarings van kinders. Dit word hieronder uiteengesit.

2. Algemene aspekte

- 'n Kind is 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar soos bepaal deur artikel 28 van die Grondwet.

- Dit is noodsaaklik dat daar, voor die neem van die verklaring, vasgestel word of die kind die eed of plegtige bevestiging verstaan. Dit word gewoonlik aanvaar dat 'n kind onder die ouderdom van 12 jaar nie die eed of plegtige bevestiging verstaan nie en dat 'n beëdigde of plegtig bevestigde verklaring nie van hom of haar geneem kan word nie. Slegs In uitsonderlike gevalle, waar 'n kind onder die ouderdom van 12 jaar is en die eed of plegtige bevestiging kan verduidelik aan die polisiebeampte wat die verklaring neem, mag sodanige verklaring beëdig of plegtig bevestig word.

- Indien 'n kind ouer as 12 jaar is, moet daar steeds vasgestel word of daardie kind die eed of plegtige bevestiging verstaan.

- In gevalle waar baie jong kinders (jonger as 7 jaar) betrokke is en hierdie kinders nie hulle name kan skryf of 'n merk kan maak nie, maar in staat is om 'n volledige uiteensetting te gee van wat met hulle gebeur het, moet die polisiebeampte wat die onderhoud met die kind voer, self 'n verklaring aflê oor die onderhoud wat met die kind gevoer is. Die ondersoeknotas wat tydens die onderhoud gemaak is, moet aan die verklaring van die polisiebeampte geheg word, ten einde die inhoud van die verklaring te ondersteun.

- Dit is nie altyd nodig, moontlik of raadsaam dat die ouer of voog of bevoegde volwassene fisies teenwoordig moet wees terwyl die verklaring geneem word nie. Die howe verklaar steeds die verklaring van die kind

toelaatbaar, so lank as wat die ouer of voog of bevoegde volwassene bewus was van die inhoud daarvan en dit by wyse van ‘n handtekening erken het.

- Indien die ouer, voog of bevoegde volwassene ‘n volwasse getuie in die selfde saak is en die kind aandui dat hy of sy verkies om daardie volwasse getuie teenwoordig te hê tydens die neem van die verklaring, is dit noodsaaklik dat die verklaring van die volwasse getuie eers geneem moet word voor die verklaring van die kind om sodoende objektiwiteit te verseker en beïnvloeding te beperk.

- Indien die ouer, voog of bevoegde volwassene die beweerde oortreder is, mag die verklaring van die kind onder geen omstandighede in die teenwoordigheid van die beweerde oortreder geneem word nie.

- Elke bladsy van die verklaring moet deur die polisiebeampte wat die verklaring neem, die kind, die tolk en die ouer, voog of bevoegde volwassene geparafeer word (Staande Order 322 en 327).

- Alle korreksies moet in ooreenstemming met Staande Order 301.1 aangebring word en deur die polisiebeampte wat die verklaring geneem het, die kind en die ouer, voog of bevoegde volwassene geparafeer en dateer word.

3. Formaat en vereistes van verklarings van kinders

‘n Verklaring word in 3 dele verdeel:

- ‘n Aanhef
- Inhoud
- Einde

3.1 Aanhef tot die verklaring

- In die meeste gevalle waarby kinders betrokke is, sal die verklaring nie beëdig of plegtig bevestig word nie.
- Die volgende moet op die eerste lyn van die verklaring verskyn:
  - Die kind se volle name en van.
  - Dui aan of die verklaring beëdig of plegtig bevestig word of nie een van twee nie.
  - Die taal wat die kind praat (dit stel die aanklaer in staat om reëlings te tref vir die toepaslike tolk en tussenganger by die verhoor).
  - Voorbeeld:

    JOSEPH THABANG RICHIE verklaar in Afrikaans / Engels / Zulu / Sepedi

- Die volgende moet in die aanhef (paragraaf 1) vermeld word:
  - Identiteitsnommer of geboortedatum van die kind.

- Volledige woonadres van die kind.
- Selfoonnommer van die kind.
- Telefoonnommer van woning en kontakbesonderhede van die ouer of voog.
- Naam van die kind se skool.
- Fisiese adres van die kind se skool.
- Die graad waarin die kind is.
- Die naam van die kind se onderwyser of onderwyseres.

3.2 Inhoud van verklaring

- Alvorens daar met die skryf van die verklaring begin word tydens die onderhoud, moet die polisiebeampte vasstel of die kind weet wat die verskil is tussen die waarheid en ‘n leuen of nie. Dit kan gedoen word deur byvoorbeeld die volgende vrae aan die kind se stel:

Waarheid	Leuen
Daar is televisiestelle in Suid-Afrika	*Daar is geen televisiestelle in Suid-Afrika nie*
Die son skyn in die dag	*Die son skyn nie in die dag nie*
Jy kan ‘n potlood gebruik om ‘n prentjie te teken	*Jy gebruik ‘n potlood om ‘n boom te plant*

- Wanneer dit vasgestel is, sal paragraaf 2 van die verklaring die volgende bevat:

  Ek ken die verskil tussen reg en verkeerd. Ek weet wat dit beteken om die waarheid te praat. Wat ek nou gaan sê, is die waarheid.

- Die presiese woorde wat die kind gebruik, moet aangeteken word om egtheid en oorspronklikheid te verseker. Die volgende kan as voorbeelde gebruik word:

Woorde van kind	Volwasse vertaling
Die oom het my geslaan	*Mnr Nel het my aangerand*
Die stoute man het sy toti in my blommetjie gesit	*Mnr Ndlovu het sy penis in my vagina gedruk*
Hy het sy wee-wee in my wee-wee gesit	*Mnr Rodricks het my verkrag*

- Sorg moet geneem word om nie die taal wat die kind gebruik in volwasse taal te “vertaal” nie, byvoorbeeld die betekenis van “toti” en “blommetjie”

mag onder **geen** omstandighede in hakkies na die kind se woorde neergeskryf word nie. Daar moet in gedagte gehou word dat die verdediging geregtig is daarop om 'n afskrif van die kind se verklaring te versoek. Die verdediging kan die kind kruisondervra oor die terminologie wat in die kind se verklaring gebruik is. Dit kan tot ontslag in die hof lei.

- 'n Verklaring moet gemaak word deur die polisiebeampte of die ouer, voog of bevoegde volwassene waarin die woorde, wat deur die kind gebruik is, verduidelik word.

- Daar moet moeite gedoen word om die kind se verklaring in 'n verstaanbare, kronologiese volgorde aan te teken, aangesien kinders dikwels nie na die gebeure in volgorde verwys nie. Dit is derhalwe raadsaam dat die polisiebeampte wat die verklaring van die kind neem, omvattende notas maak tydens die onderhoud voordat daar begin word met die neerskryf van die verklaring. Polisiebeamptes moet verwys na die module oor ondersoekende onderhoudvoering van kinders ten einde dit te begryp en in die praktyk toe te pas.

3.3 Einde van verklaring

- Wanneer die verklaring afgelê is, moet die hele verklaring aan die kind gelees word en die kind moet die geleentheid gegun word om enige regstellings, veranderings of toevoegings te maak.

- Die kind moet versoek word om sy of haar naam neer te skryf of sy of haar merk te maak op die volgende lyntjie na die laaste woord van die verklaring.

- Indien die dienste van 'n tolk gebruik word, word daar van die tolk vereis om die vertaling op die volgende wyse te verduidelik:

  Vertaal van Zulu na English en omgekeerd

- Die tolk moet dan die sertifikaat onderteken.

- Die ouer, voog of bevoegde volwassene van die kind moet dan die verklaring op die volgende wyse endosseer:

  Verklaring is in my teenwoordigheid geneem. Ek het die inhoud daarvan gelees.

- Die ouer, voog of bevoegde volwassene onderteken die verklaring en endosseer die datum, tyd en plek onder sy of haar handtekening.

- Die polisiebeampte wat die verklaring geneem het, endosseer dit op die volgende wyse:

  Bovermelde verklaring is deur my geneem in die teenwoordigheid van die ouer, voog of bevoegde volwassene.

- Die polisiebeampte se handtekening word daarop aangebring en die datum, tyd en plek onder sy of haar handtekening geëndosseer.

4. Voorbeeld van ‘n verklaring van ‘n kind

JOSEPH THABANG RICHIE verklaar in Afrikaans:

1.

Ek is ‘n 9 jarige seun en ek is op 1 April 1999 gebore. EK woon te Alphaweg 123, Windsor Park, Pretoria. My huistelefoonnommer is 012 393 1234. My ma se selfoonnommer is 083 123 4567 en my pa se selfoonnommer is 082 123 7654. Ek is ‘n skolier in graad 3 aan Windsor Park Laerskool, Betaweg 456, Windsor Park, Pretoria. Ek is in Me Dhlamini se klas. My huistaal is isiZulu.

2.

Ek weet wat die verskil is tussen reg en verkeerd. Ek weet wat dit beteken om die waarheid te praat. Wat ek nou gaan sê, is die waarheid.

3.

Op Maandag, 6 November 2008, het ek na skool na my oom John se huis gegaan. Ek gaan gewoonlik elke dag daarheen na skool. Ek weet nie wat sy adres is nie, maar hy woon naby my skool.

4.

Nadat ek middagete gehad het, het oom John vir my gesê om te gaan verklee. Terwyl ek in die badkamer besig was om my klere uit te trek, het oom John in die badkamer ingekom. Ek het daar gestaan in my onderbroek en hy het gevra hoe my dag by die skool was. Hy het op die toilet gesit met al sy klere aan en my gevra om op sy skoot te kom sit. Ek het op sy skoot gesit en hom van my dag by die skool vertel.

5.

Oom John het toe begin om my op my mond te soen. Hy het sy tong in my mond gedruk. Ek het probeer om van sy skoot af te spring, maar ek kon nie want hy het my te styf vasgehou. Oom John het toe sy hand in my onderbroek gedruk en met my toti begin speel. Ek het hom gevra om te stop, maar hy het gesê dat as hy ‘n rukkie langer aanhou, sal ek daarvan hou. Ek was bang en het nie geweet wat om te doen nie en het begin huil.

6.

Op daardie oomblik het ek my tannie Elizabeth se motor in die oprit gehoor. Oom John het my van sy skoot afgegooi en gesê ek moet aantrek. Hy het gesê dat dit wat gebeur het, ons geheim is en ek moet vir niemand daarvan vertel nie. Hy het belowe om vir my vir Kersfees 'n nuwe fiets te koop.

7.

Terwyl ek besig was om aan te trek, het my tannie Elizabeth in die badkamer ingekom. Sy het gesien dat ek gehuil het en het gevra wat verkeerd was. Ek het weer begin huil en haar vertel wat gebeur het. My tannie het niks vir my gesê nie, sy het my net huis toe geneem. Toe ons by my huis aankom, het my tannie en ouers my na my kamer toe gestuur en in die sitkamer gepraat. Ek het nooit enigiemand, anders as my tannie, vertel wat met my gebeur het nie.

XXXXXXXX
(Kind skryf sy of haar naam of maak sy of haar merk)

Bovermelde verklaring is deur my van Zulu na Engels en terug na Zulu vertaal.
XXXXXXXX
(*Handtekening van tolk*)

Verklaring is in my teenwoordigheid geneem. Ek het die inhoud daarvan gelees.
XXXXXXXX
(Handtekening van ouer, voog of bevoegde volwassene)

Pretoria
2008-11-17
11:20

Bovermelde verklaring is deur my geneem in die teenwoordigheid van die moeder, Mev JS Richie.
XXXXXXXX
(*Handtekening van polisiebeampte*)

Pretoria
2008-11-17
11:23

5. Gevolgtrekking

Die neem van 'n verklaring van 'n kind bly 'n uitdaging en vereis gespesialiseerde vaardigheid. Ondersoekbeamptes moet hierdie taak met empatie en ywer benader. Verklarings wat op die korrekte wyse verkry is, verseker dat geregtigheid seëvier en dat kinders as slagoffers bemagtig word.